





NASIONALE SENIOR CERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2021

AARDRYKSKUNDE: VRAESTEL I
NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur

200 punte

Hierdie nasienriglyne is voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore, wat 'n standardiseringsvergadering moet bywoon ten einde te verseker dat die riglyne konsekwent geïnterpreteer en toegepas word gedurende die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal nie in enige gesprek treë of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat daar verskillende menings oor sekere sake van beklemtoning of detail in die riglyne mag voorkom. Daar word ook toegegee dat indien die standardiseringsvergadering nie bygewoon word nie, daar verskillende interpretasies van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

Punte moet toegeken word in lyn met:

- die spesifieke inhoud van die nasienriglyn of die generiese vlakbeskrywings wat van toepassing is op die vraag.
- die spesifieke vaardighede wat in die nasienriglyn of generiese vlakbeskrywings van die vraag gedefinieer is.
- die standaard van die antwoord wat verwag word van 'n kandidaat soos wat die voorbeelde van die gestandaardiseerde vraestelle voorstel.

Bepunting moet **POSITIEF** gedoen word:

- Punte word toegeken vir korrekte / geldige antwoorde.
- Krediet word toegestaan vir antwoorde wat geldig is en wat wyer strek as die raamwerk van die sillabus (verwys eersgenoemde na die Senior Sub-eksaminator of Eksaminator soos nodig).
- Punte word toegeken wanneer die kandidate duidelik bewys toon van hulle kennis en waartoe hulle in staat is.
- Punte word nie afgetrek vir foute nie.
- Punte word nie afgetrek vir weglatings nie.
- Die spelling, interpunksie en grammatika word alleenlik in die antwoorde gemerk wanneer dit spesifiek geassesseer word volgens die punteskema. Die betekenis moet nog steeds ondubbelsinnig wees.

Reëls moet konsekwent toegepas word, bv. gevalle waar kandidate nie instruksies gevolg het nie of in die toepassing van die generiese vlakbeskrywers.

Die volle spektrum van punte, soos gedefinieer in die nasienriglyne vir die vraag, moet gebruik word (alhoewel die volle spektrum van punte beperk mag word deur die kwaliteit van die antwoorde van die kandidate).

Punte word alleenlik toegeken soos wat dit uiteengesit word in die nasienriglyne.

Punte mag nie toegeken word met inagneming van die drempels vir die graad of graadbeskrywers nie.

Wanneer 'n hoër orde vraag gemerk word, moet die koderingstelsel vir opstelle asseblief gebruik word. Sodoende is die modereringsproses meer konsekwent, regverdig en makliker.

Kodes wat gebruik word wanneer opstelle in Aardrykskunde gemerk word

U – Uitstekend

G – Goed

A – Aanvaarbaar

V – Vaag

H – Herhalend

I – Irrelevant

VRAAG 1 GEÏNTEGREERDE VRAAG: DIE BIOSFEER VAN DIE WATERBERG EN LEPHALALE				
1.1 Klimatologie terme				
1.1.1	Die mate waartoe 'n oppervlakte sal weerkaats.	F	Albedo	
1.1.2	'n Lyn op 'n kaart wat plekke met dieselfde reënval verbind.	I	Isohieet	
1.1.3	Besoedelde lug bo 'n stad wat as gevolg van 'n inversie nie kan styg nie.	H	Besoedelingskoepel	
1.1.4	Lug moet tot hierdie temperatuur daal sodat waterdamp kan kondenseer.	D	Doupunt	
1.1.5	'n Gebied van hoëdruk wat 'n langwerpige vorm het.	E	Rug	
1.2 Tropiese sikloon				
1.2.1	Identifiseer TWEE kenmerke in Figuur 1 wat bewys dat dit 'n tropiese sikloon is.	Enige TWEE van die volgende: • Die oog is duidelik sigbaar • Die naam "Eloise" • Reënbande • Spiraal • Sikloon aan die oostelike kus van die kontinent • Beweeg weswaarts • Impak – veroorsaak vloede en rig skade aan • Datum – dit is somer		Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief.
1.2.2	Gee EEN bewysstuk dat tropiese sikloon Eloise in die volwasse stadium is.	Enige EEN van die volgende antwoorde • Dit het 'n duidelike oog • Definitiewe reënbande		Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief.
1.2.3	Noem TWEE maniere waarop tropiese sikloon Eloise gebiede op land beïnvloed het toe dit oor die gebied beweeg het.	Enige TWEE van die volgende antwoorde • Sterk winde wat baie skade veroorsaak • Swaar reën wat ook ontwrigting meebring • Stormstuwing • Plaaslike oorstroming van riviere • Oorstromings lang die kus • Verlies aan kommunikasie • Lewensverlies • Skade aan die infrastruktuur (insluitend paaie, ens.) • Verlies aan lewende hawe • Water- en rioolpype kan beskadig word • Seewater (sout) kan lei tot skade aan		Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief. Maks. 1 punt indien slegs een impak gegee word. Antwoord moet duidelik wees en nie 'n vae een-woord antwoord nie.

		Beskadiging van die ekosisteem en biodiversiteit		
1.2.4	Beskryf hoe tipiese tropiese siklone vorm.	- Hulle vorm oor die warm waters van die oseaan naby die ewenaar. Wanneer warm, vogtige lug bo-op die see se oppervlakte styg word 'n sikloon gevorm. Die laagdruk trek lug in vanaf die omringende warm en vogtige omgewing. - Die wolke begin dan roteer as gevolg van die Coriolis effek. - Dan begin hulle in die tropiese oostelike windgordel beweeg. - Soos wat die wind al hoe vinniger roteer, word 'n oog in die middel gevorm. - Die kern van die sikloon is baie stil en daar is geen wolke in hierdie laagdrukgebied nie. - Ligte veranderlike/wisselende wind op die oppervlak (kan vorteks vorming verhoed) 5° tot 30° breedte skakel met Coriolis - Groot oseaan oppervlakte om vog te trek	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief. Kandidate moet bewys dat hulle ten volle verstaan hoe tropiese siklone vorm. 2 punte vir 'n algemene beskrywing of sou inligting ontbreek. 4 punte vir 'n volledige en gedetailleerde beskrywing.	
1.2.5	Identifiseer EEN rede waarom tropiese siklone die oostelike kant van kontinente beïnvloed.	Enige EEN van die volgende antwoorde - Warm seestrome aan daardie kant van kontinente - Hulle beweeg van Oos na Wes - Tropiese oseane - Beweeg in die tropiese oostelike windgordel	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief.	
1.2.6	Verduidelik waarom tropiese siklone 'n groter sosio-ekonomiese impak op Mosambiek sal hê as op 'n land soos Japan of die VSA.	- Moz. is 'n LEDC - Japan en VSA MEDC - Kanse is skraler dat die waarskuwing / boodskap die mense sal bereik - Groter moontlikheid dat mense se huise beskadig kan word - Infrastruktuur word maklik beskadig - Neem langer om by plekke uit te kom - Neem langer om beskadigde infrastruktuur reg te maak - Minder geld om beskadigde infrastruktuur reg te maak	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatiewe verduideliking. Kandidate moet bewys dat hulle ten volle verstaan hoe die impak van 'n tropiese sikloon op 'n LEDC sal verskil van die impak op 'n MEDC. 2 punte vir 'n algemene verduideliking of sou inligting ontbreek.	


		• Skraler kans dat mense versekering het • Moz. het alreeds kwessies met voedselsekureit gehad	4 punte vir 'n volledige en gedetailleerde beskrywing.	
1.3 Tropiese siklone				
1.3.1	Watter provinsie sal die ergste deur die storm beïnvloed word?	Mpumalanga	Kennis van Suid-Afrika	
1.3.2	Hoeveel reën word vir Lephalale voorspel?	• Tussen 50 en 80 mm	Word direk van die kaart afgelees	
1.3.3	Verduidelik waarom die storm meeste van sy energie sou verloor het teen die tyd wat dit Lephalale bereik.	• Soos wat die storm na die binneland beweeg: – Laer voggehalte – Geen water-oppervlakte om energie te verskaf nie – Wrywing met die grondoppervlakte	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatiewe verduideliking.	
1.3.4	Hoe kan ruimtelike afstandswaarneming behulpsaam wees met die dophou en bestudering van tropiese siklone?	• Gebruik satelliete om – Storms te volg – Intensiteit van storm te wys – Winde na te spoor – Reënval na te spoor • Gebruik radar vir – Reënval – Windspoed • Bakens in die see meet die veranderinge in die seevlak • Word gebruik om van 'n afstand te bestudeer, mense nie in gevaar nie • Sien die volle impak, kry die groot prentjie • Volg die pad met behulp van rekenaars en beelde	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief. Kandidate moet bewys dat hulle verstaan wat afstandswaarneming is en hoe dit gebruik word in die bestudering van tropiese siklone.	
1.4 Opvanggebied- en rivierbestuur				
1.4.1	Fluviaal – Waar en Vals			
	Sê of die volgende stellings WAAR of VALS is. Skryf slegs die vraagnommer en of die stelling Waar of Vals is, bv. (g) Vals.			
(a)	Die Mokolorivier se profiel is gegradeer.	Vals		
(b)	Die Mokolodam is 'n tydelike erosiebasis.	Waar		
(c)	Die Limpoporivier is 'n sytak van die Mokolorivier.	Vals		

(d)	Die rivierstelsel se dreineerdigtheid is hoog.	Vals		
(e)	Die Mokolorivier het 'n dendritiese dreineerpatroon.	Waar		
1.4.2	Verduidelik die terme			
(a)	Opvanggebied	Die gebied waarvandaan reënval invloei na 'n meer, rivier of reservoir.		
(b)	Groot mate van eutrofikasie	Wanneer water te veel minerale en nutriënte bevat wat dan lei tot te veel alge wat vinnig vermeerder. Hierdie proses lei dan weer daartoe dat die suurstofinhoud van die water verminder na die biologiese afbreking van die bakterieë.	Kandidate kan hulle eie benadering tot die vraag hê en dus sal antwoorde verskil. Hierdie is nie 'n teksboek gebonde antwoord nie.	
1.4.3	Identifiseer kenmerk A in Figuur 3	Waterskeiding Dreineringsrantlyn / - skeiding		
1.4.4	Waarom is kenmerk A se posisie nie permanent nie?	Dit is as gevolg van die erosie deur die hoofwaters van die rivier wat dan daartoe lei dat die posisie van die waterskeiding sal verander. Die konsep van abstraksie, verandering in die posisie van die waterskeiding. Kan met rivier-/stroomrowing skakel Dreineerbekken vergroot/verklein		
1.4.5	Gebruik Figuur 3 om die stroomorde van die Mokolorivier te bepaal.	3de orde stroom		
1.4.6	Verduidelik die verhouding tussen stroomorde en ... (a) stroomlengte (b) grootte van die dreineerbekken	Stroomlengte: Hoe hoër die stroomorde, hoe langer is die stroom (visa versa) Grootte van die dreineerbekken: Hoe hoër die stroomorde, hoe groter die dreineerbekken (visa versa)	Kandidate moet bewys dat hulle die konsep verstaan. Antwoord moet duidelik wees om volle 2 punte te kry.	
1.4.7	Verduidelik TWEE maniere waarop menslike aktiwiteit die opvang van water en die vloei van die rivier in 'n rivierstelsel beïnvloed.	• Stedelike gebiede is nie so deurdringbaar nie • Meer afloop • Minder infiltrasie • Meer verdamping • Meer onderskepping • Meer water kan opgegaar word in damme • Troebelheid • Eutrofikasie	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief. 2 punte vir 'n algemene verduideliking of indien inligting ontbreek. 4 punte vir 'n volledige en gedetailleerde verduideliking .	

1.4.8	Verduidelik TWEE hidrologiese veranderinge wat die Mokolodam op die rivierstelsel sal hê.	• Afsetting sal hoër op in die stroom plaasvind • Verjonging sal stroomaf plaasvind • Silt sal by die damwal vorm • Verminder die volume stroomaf • Verdamping neem toe in meer (groter oppervlakte) • Verandering in vogbestel	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief. 2 punte vir 'n algemene verduideliking of indien inligting ontbreek. 4 punte vir 'n volledige en gedetailleerde verduideliking.	
1.5 Landelike nedersettings				
1.5.1	Gebruik TWEE woorde uit die onderstaande blokkie om die nedersetting by Zandrivier (B benoem) te beskryf	Geïsoleerde plaasopstal Kommersiële plaas		
1.5.2	Omskryf TWEE verskille tussen 'n geïsoleerde plaasopstal en 'n dorpie.	Geïsoleerde plaasopstal • Gewoonlik een familie • Geen mark of winkel nie • Die enigste direkte primêre aktiwiteit • Geen dienste • Min toegang tot dienste Dorpie • Groter bevolking • Enkele toegang tot dienste • Enkele dienste beskikbaar • Kernagtige vorm • Meer aktiwiteite, insluitend 'n winkel	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief. Kandidate moet die verskille van elkeen uitlig.	
1.5.3	Identifiseer TWEE bewysstukke om te staaf dat kommersiële boerdery in die omgewing beoefen word.	• Plaasname • Damme • Reservoirs • Tekens dat daar besproeiing is • Windbreke • Bron: praat oor uitvoer van vars produkte • Grense en heinings (1 punt) • Toegang van 'n pad • 'n Groot oppervlakte van landbougrond	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief.	
1.5.4	Identifiseer TWEE standplaas faktore van Vaalwater.	• Toegang tot water • Vrugbare grond • Pad • Reliëf - gelyke grond vir boerdery • Naby aan die rivier • In die berge (bron)	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief.	

1.6 Stedelike hiërargieë			
1.6.1	Vergelyk die nedersettings van Marapong en Onverwacht. Maak gebruik van die volgende onderopskrifte: + Die oppervlakte van die pad + Hoeveelheid plantegroei + Aantal moontlike dienste wat gesien kan word	Oppervlakte van die pad • Marapong – Lyk asof dit net grond is – geen teer – 'n groot aantal paaie – Ongestruktureerd • Onverwacht – Geteer en met struktuur Hoeveelheid plantegroei • Marapong – Min tot geen plantegroei – Bruin – Opsigtelik bruin • Onverwacht – Baie plantegroei en bome – Groen parke – Gholfbaan Aantal moontlike dienste wat gesien kan word • Marapong – Baie min wat gesien kan word – Laerorde • Onverwacht – Vele wat sigbaar is – Hoërorde	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief. 2 punte vir elke punt indien goed vergelyk is met definitiewe bewyse. 1 punt vir elke punt – indien die vergelyking oppervlakkig gedoen is.
1.6.2	Ondersoek TWEE moontlike redes vir die verskille tussen die twee nedersettings.	Marapong • Informele nedersetting • Ou apartheidsera nedersetting • Area met 'n lae inkomste • Min tot geen belegging • Min tot geen ontwikkeling Onverwacht • Ou apartheidsera nedersetting vir wit mense • Formele nedersetting • Hoë tot middel-inkomste gebied • Meer geld (inkomste) • Meer belegging • Meer ontwikkelings	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief. 1 punt vir elke konsep waar daar bloot algemene bespreking is of sou inligting ontbreek. 2 punte vir elke konsep wat ten volle en in detail bespreek is. Kandidate kan NIE net die redes lys nie.

1.7 Stedelike hiërargieë			
1.7.1	Watter EEN van die drie besighede se goedere het die laagste orde?	Checkers	
1.7.2	Waarom het Capitec Bank die grootste reikwydte?	In vergelyking met die ander besigheid sal dit meer kliënte van verder af trek om in besigheid te bly.	Kandidate moet bewys dat hulle reikwydte verstaan.
1.7.3	Waarom is die ligging van Wimpy gebaseer op funksionele gerief?	Eetplekke soos Wimpy sal die ligging baseer op die behoeftes van die klante Besighede word in 'n area gevind vir maklike toegang vir die kliënte	Kandidate moet bewys dat hulle funksionele gerief verstaan.
1.8 Struktuur van die ekonomie			
1.8.1	Bespreek EEN positiewe manier waarop toerisme die informele sektor beïnvloed.	- Besigheid groei - Lei tot ontstaan en groei van skakelnywerhede - Meer toeriste beteken dat meer geld in hierdie sektor gemaak word - Meer werksgeleenthede mag geskep word - Opheffing van die gemeenskap - Groter belastinginkomste vir die Staat	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief. 1 punt vir 'n algemene bespreking of as inligting ontbreek. 2 punte vir 'n volledige en gedetailleerde bespreking.
1.8.2	Verduidelik TWEE maniere waarop toerisme vrouens in die ekonomie ophef.	- Meer werksgeleenthede - Moedig vrouens aan om onafhanklik te wees - Meer aanmoediging vir vroue om onderrig en opleiding te kry - Jonger vrouens betree die wêreld van werk - Verandering in die stereotipes van geslagsrolle	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief. 2 punte vir 'n algemene verduideliking of as inligting ontbreek. 4 punte vir 'n volledige en gedetailleerde verduideliking.

1.8.3 Opstel		
- Moet asseblief NIE REGMERKIES MAAK wanneer 'n opstel gemerk word nie – dit verwar die optellers. - In die plek daarvan, onderstreep relevante en toepaslike punte deur gebruik te maak van die stelsel van kodes.	AARDRYKSKUNDE SE KODES VIR OPSTELLE U – Uitstekend G – Goed V – Vaag H – Herhalend I – Irrelevant A – Aanvaarbaar	INHOUD: _____ Onderstreep relevante punte indien korrek  Omkring verkeerde punte BEWYSE: () Sit hakkies () om bewyse
1.8.3 Jy is gevra om 'n verslag te skryf vir die Provinsiale Regering van Limpopo. In hierdie verslag moet jy die ekonomiese ontwikkeling in Lephalale en die groter Limpopo streke evalueer.		
Verduidelik hoe die myne en kragstasies <i>landelike ontvolking</i> sal veroorsaak.	- Jong mense op soek na werk - Meer geleenthede in die gebied - Minder werksgeleenthede in die landelike gebiede - Makliker om meer geld te maak indien naby infrastruktuur - Meer sosiale opsies / geriewe - Moontlikheid bestaan om vaardighede te verbeter - Nuwe geleentheid vir onderrig / opleiding - Besoedeling van die myne beter gesondheidsorg is beskikbaar - Beter sanitasie in stedelike gebiede	Die kandidaat moet 'n begrip van stoot- en trekfaktore toon.
Analiseer hoe die wildplase die streek <i>sosio-ekonomies</i> kan bevoordeel.	- Werkskepping - Meer belasting weens hoër inkomste - Meer belasting vir munisipaliteit - Groter bewaring van die omgewing - Vaardighedsontwikkeling - Nuwe geleenthede vir opleiding - Dit bevoordeel die ontwikkeling van gemeenskappe - Kan wel lei tot die ontwikkeling van skakelnywerhede - Buitelandse belegging verhoog BBP	
Beskryf die <i>belangrikheid</i> van die myne en die kragstasies vir die ekonomie van Limpopo.	- Werkskepping - Lei tot ontwikkeling van infrastruktuur in die gebied - Skakelnywerhede ontwikkel as gevolg daarvan - Nuwe opvoedkundige instellings - Verbetering van die vaardigheidsvlak - Nuwe besighede in die omgewing, meer werksgeleenthede - Brandstof- en dieselprys - Sekondêr geskakelde industrieë	


• Evalueer die hindernisse tot ekonomiese ontwikkeling wat Limpopo in die gesig staar.	• Swak infrastruktuur • Groot bevolking wat nie vaardighede het nie • Net 'n paar gevestigde groot stedelike gebiede (Toegang tot minder markte.) • Baie min plekke waar opleiding en onderrig aangebied word • Lae onderwysvlak • Groter behoefte om in groter stedelike gebied te vestig • Min nywerheidsgebiede • Swak toegang tot water en hulpbronne • Gedurende apartheids-era was daar onderontwikkeling • Inperkings en Covid-19 • Randwaarde (fluktuasies) • Klimatiese beperkings – warm en droog • Ver van die hawes vir uitvoer • Topografie van die area • Swak regering • Steenkool nie hernubaar • Watertekorte • Arbeid onluste • Fluktuasie in mineraalpryse • Beurtkrag	
--	--	--

KRITERIA	Vlak 3 Uitstaande – Goed	Vlak 2 Bevredigend	Vlak 1 Swak
Skryfvaardighede • Neem struktuur en aanbieding in aanmerking. • Gebruik kort inleiding en slot. • Logiese bespreking en gebruik van onderopskrifte. [4 punte word aan hierdie komponent toegeken.]	Gepaste inleiding en slot. Gesofistikeerde, samehangende en gestruktureerde skryfwerk. Onderopskrifte en paragrawe is effektief gebruik. Opstel is kort, goed gestruktureerd en kernagtig. 4 punte	Inleiding en slot teenwoordig, alhoewel nie ideaal nie. Pogings om te hou by die onderopskrifte en paragrawe te gebruik. Opstel dwaal by tye van die punt af en skiet tekort aan bondigheid. 3 punte	Skryfwerk is swak en amper onverstaanbaar. Geen inleiding of slot word voorsien nie. Geen gebruik / navolging van onderopskrifte nie. Lang sinne, swak grammatika en oneffektiewe gebruik van paragrawe. Opstel is herhalend. Kolpunte is dalk gebruik. 1 punt moet <i>toegeken word vir enige poging om iets te skryf / probeerslag</i> 2–0 punte
Inhoudskennis • Korrekte gebruik van aardrykskundige terme en begrippe. • Hou by onderwerp en onderopskrifte. [12 punte word hiervoor toegelaat]	• Die antwoord assessee die toepaslike inhoudskennis goed en die bespreking van die onderwerp is in diepte gedoen. • Die evaluasie is effektief en was volhou. Daar is 'n goeie slotsom. • Die antwoord lewer bewys van kennis van voorbeelde en 'n sterk begrip van die konsepte van die onderwerp. • Voorbeelde wat gebruik is, is toepaslik en geïntegreer met die antwoord. • Goeie gebruik van aardrykskundige terme en begrippe. • Enige aantal toepaslike feite word per onderopskrif gegee. • 10 punte sal vir die kandidaat toegeken word indien daar <u>minimum</u> van 2 punte per onderopskrif genoem is. • Indien verder uitgebrei word sal 'n addisionele 2 punte toegeken word. 12–9 punte	• Antwoord lewer wel bewys dat kandidaat kennis het van die onderwerp en dit verstaan. • Daar is wel sommige relevante inhoud. • Die antwoord is net in breë trekke. • Daar is wel beperkte verduidelikende inhoud en 'n slotsom. • Die basis waarop die antwoord gebaseer is, is wel korrek, en • begrip word bewys met die gebruik van die voorbeelde. • Oorsigtelike / algemene bespreking van die kern-kwessies. • Bewys van algemene begrip van die onderwerp, maar daar is tog wel foute en vaagheid in die bespreking. • Gebruik van geografiese terme en konsepte is baie basies. • 60–50% van die verwagte feite word per onderopskrif gegee. • 1 punt per onderopskrif, of 2 punte word gegee en slegs 2 paragrawe. 8–5 punte	• 'n Paar algemene punte rakende die onderwerp word gemaak. • 'n Beskrywende antwoord, wat bestaan uit 'n paar eenvoudige punte. • Kennis is basies en die begrip mag swak wees en nie van toepassing wees op die onderwerp nie. • Afwyking van die onderwerp. • Swak begrip van konsepte en terme. • Geïsoleerde en generiese elemente van die kennis en begrip van die onderwerp. • Oppervlakkige / swak bespreking. • Omtrent geen toepaslike feite / onderopskrifte. 4–0 punte
Ondersteunende bewyse – ontleding en begrip • Die vermoë om die onderwerp te ontleed en evalueer word in hierdie kategorie geassesseer. • Verwysing na gevallestudie-materiaal / feitêlêr / bronmateriaal verskaf. • Indien toepaslik, moet verwys word na bekende / plaaslike of ander voorbeelde. [4 punte word aan hierdie komponent toegeken.]	Die kandidaat is daartoe in staat om toepaslik te redeneer en evalueer. Daar is goeie bewys van akkurate toepassing van begrip en bewyse word verskaf. Verslag demonstreer begrip en integrasie van toepaslike gevallestudie / feitêlêr / bronmateriaal in die konteks van die verslag. Bewyse nodig van ontleding van inhoud en hoërdeintegrasie. 4 punte	Oppervlakkige verwysings word na die gevallestudie / feitêlêr / bronmateriaal gemaak. Alhoewel na ondersteunende voorbeelde verwys word, is dit nie duidelik dat die leerder 'n goeie begrip van die voorbeeld / gevallestudie se materiaal het nie. Ondersteunende bewyse is nie altyd van toepassing op die onderopskrif of konteks van bespreking nie. Bespreking het geen diepte nie. 3 punte	Beperkte tot geen verwysing na gevallestudie / feitêlêr / bronmateriaal nie. Voorbeelde word nie verskaf nie. Het min of geen aardrykskundige betekenis. Min ontleding of begrip. Demonstreer minimale begrip van die onderwerp. 2–0 punte

VRAAG 2 KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE				
2.1 Subtropiese antisklone en meegaande weerstoestande				
	Bestudeer Figuur 10 en beantwoord die volgende vrae deur die korrekte antwoord te kies uit die gegewe opsies in elk van die volgende vrae. Skryf slegs die vraagnommer en die letter van die antwoord wat ooreenstem met jou keuse, bv. 1.1.0 A.			
2.1.1	Die hoogste temperatuur vir Gqeberha op 28/03/2020 is ... A 20 °C B 25 °C C 27 °C D 30 °C	D		
2.1.2	Die vinnigste verwagte windspoed is ... A 34 km/h B 35 km/h C 36 km/h D 37 km/h	C		
2.1.3	Die wind wat in Gqeberha waai, staan bekend as ... A bergwind. B moeson. C tifoön. D straalstroom.	A		
2.1.4	Hierdie wind vorm as gevolg van ... A stygende lug oor die binneland. B die laagdruk wat oor warm water vorm. C lug wat neerdaal vanaf die platorand. D lug wat afdaal in die vallei durende die nag.	C		

2.1.5	'n Tipiese weerstasiemodel vir hierdie tipe wind is ... A  B  C  D 	B		
2.2 Middelbreedtesiklone				
2.2.1	Benoem die fronte by D en E .	D – Koue front E – Warm front		
2.2.2	Benoem die tipe laagdruk by F .	F – Kuslaag / afgesnyde laag		
2.2.3	Skryf 'n twiet waarin jy die verwagte weerstoestande as gevolg van die impak van front D op Kaapstad beskryf.	Twiet / boodskap moet die volgende insluit: • Afname in temperatuur • Toename in windspoed • Swaar reën / donderstorms • Cumulonimbus wolke met gepaardgaande donderstorms • Volle wolkbedekking / bewolk • Hael • Toename in lugdruk • Verandering in windrigting – krimping • Afname in humiditeit • Verwys na die weerstasies • 13–19 temperature • 9 doupunt • $\frac{3}{4}$ wolkbedekking • NW/WNW wind	Daar moet ten minste TWEE weerstoestande wat geassosieer word met MBS en koue fronte in die twiet wees. Moenie lank wees nie maar tot die punt. Krediet moet gegee word vir inligting wat duidelik is. 2 punte indien te lank of net vae beskrywing. Maksimum 2 punte as net een weerstoestand genoem of beskryf is. 4 Punte as die beskrywing kort en kragtig is.	

2.3 Subtropiese antisiklone en meegaande weerstoestande				
2.3.1	Benoem die weerstelsels by G en H .	G – Kalahari / Binnelandse / Kontinentale Hoogdruk / Hoërug H – Laagdrucktrog / termiese laag / lyndonderstorms / binnelandse laagdruk / vogfront		
2.3.2	Identifiseer die seisoene in Figure 12 en 13.	Figuur 12 – Winter Figuur 13 – Somer		
2.3.3	Gee EEN rede vir jou antwoord in Vraag 2.3.2.	Figuur 12 • Geen wolke nie • Hoogdruk oor die land • Ryp kom voor in die binneland • 'n rif van hoëdruk • Land is droog • Temperatuur is laag Figuur 13 • Wolkbedekking oor die land • Moontlikheid vir donderstorm • Laagdruk oor die binneland • Lyndonderstorms	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief.	
2.3.4	Verduidelik waarom daar geen wolke in Figuur 12 sigbaar is nie.	Antisikloon oor die land Tekort aan vog Koue, sinkende lug Lug verwarm adiabaties Inversielaag blok luginbeweging oor die platorand	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief.	

2.4 Valleiklimaat				
2.4.1	Noem die seisoen wanneer die moontlikheid vir die vorming van 'n rypholte die grootste is.	Winter		
2.4.2	Teken 'n diagram om te verduidelik hoe 'n rypholte gevorm word.			
			1 punt – dalende lug 1 punt – het aangedui dat koue lug op die valleibodem versamel 2 punte – vir die diagram	
2.5 Fluviale prosesse				
2.5.1	Kies die korrekte term in hakies om die stellings WAAR te maak. Skryf slegs die vraagnommer en die ooreenstemmende term neer, bv. (d) rivier.			
(a)	Die Dieprivier (I) staan bekend as die (geroofde / verarmde / roof-) rivier	Verarmde rivier		
(b)	Die Kougarivier (J) staan bekend as die (geroofde / verarmde / roof-) rivier.	Roof-		
(c)	Die kenmerk wat K benoem is, staan bekend as die (roofelmbog / droë poort / knakpunt).	Roofelmbog		
2.5.2	Stel TWEE eienskappe voor wat die Kougarivier moet hê om 'n ander rivier te kan roof.	Toename in volume Toename in gradiënt Groter volume as gevolg van meer reën (verandering in klimaat) Verandering in klipstruktuur (hardheid) Verjonging	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief.	

2.6 Fluviale prosesse				
2.6.1	Gebruik bewyse vanaf die foto om die volgende stellings as waar te bewys:			
(a)	Die rivier is in sy <i>bolloop</i> .	Steil vallei V-vormige vallei Beperkte infiltrasie Hardeklip Steil gradiënt Donderstorms Nou stroomkanaal Min water in die stroomkanaal Die bodem van die rivier is rotsagtig		
(b)	Die rivier se grootste lading is sy <i>bodemvrag</i> .	Vervoer meestal rotse en groot klippe		
(c)	<i>Attrisie</i> is heel moontlik die erosieproses op hierdie plek.	Rotse op die rivierbodem Klein deeltjies bots teen mekaar en word op hierdie manier rond		
2.6.2	Waarom is daar 'n groot moontlikheid dat 'n kitsvloed op hierdie plek in die rivier kan plaasvind?	- Die vallei het steil kante - Die stroomkanaal is nou - Water versamel in die nou kloof	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief.	
2.6.3	Hoe beïnvloed die stroomkanaal se grootte en vorm die afloop?	Grootte Hoe wyer die kanaal hoe meer is die afloop 'n Vallei wat U-vormig is het 'n beter vloei van water Verdamping Vorm Vorm het 'n invloed op wrywing	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief. Die kandidaat moet beide aspekte bespreek om volpunte te kry.	
2.7 Fluviale prosesse				
2.7.1	Wat is die verskil tussen 'n hoefystermeer en 'n meandermerk?	ENIGE EEN van die volgende - Hoefystermeer het water in - Daar is basisvloei in 'n hoefystermeer - Meandermerk het geen water in nie	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief.	
2.7.2	Is die hoefystermeer oorspronklik deur erosie of afsetting gevorm?	Erosie	Die rivierkronkel word langer en die nek in die kronkel word al hoe nouer totdat daar deur hierdie nek gesny word en die meer gevorm word.	
2.7.3	Ondersoek die rol van erosie en afsetting met die vorming van vloedvlaktes en meanders.	- Beide erosie en afsetting betrokke by die vorming van vloedvlaktes en meanders Vloedvlaktes word gevorm wanneer daar baie afloop is en wanneer die rivier	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief. Die antwoord moet beide die erosie- en afsettingsprosesse noem.	

		• Dit is afhanklik van die erosie wat in die bloop van die stroom plaasvind en die bodemvrag en vrag in suspensie in die stroomaf gedeelte van die rivier. • Riviere kronkel oor die vloedvlaktes en erodeer die kante van die vallei met tyd • Soos wat toestande verander mag riviere tot binne in die vloedvlaktes erodeer en sodoende rivierterrasse vorm. • Beide erosie en afsetting is nodig in die verskillende dele van die rivierkronkel – erosie vind aan die buitekant van die kurwe plaas en afsetting aan die binnekant van die kurwe. • Rivierkronkels word deur erosie en afsetting gevorm want die rivier gebruik sy vloeikrag so effektief moontlik en beperk ook die verlies aan energie	2 punte vir 'n algemene verduideliking of indien inligting ontbreek. 4 punte vir 'n volledige en gedetailleerde verduideliking.	
2.7.4	Lys TWEE ekonomiese voordele van 'n vloedvlakte.	• Vloedvlaktes dien as natuurlike filters • Gelyke oppervlaktes om op te bou • Vruggbare grond vir boerdery • Ontspanningsgeleenthede: Baie buitemuurse ontspanningsaktiwiteite – bv. visvang, jag, kampering, staptoegte, besigtiging van wildslewe en bootritte – is moontlik of word grootliks verbeter – as gevolg van die natuurlike prosesse van die riviere en die gesonde vloedvlaktes • Voer basisvloei/infiltrasie • Verhoed oorstroming	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief.	
2.7.5	Ondersoek TWEE maniere waarop landbou 'n vloedvlakte en 'n rivierstelsel beïnvloed.	• Verlaging van die watervlakke omdat water uit die stelsel onttrek word. • In besproeiingsgebiede styg die watertafel • Minder water in die strome en rivier wat laer af in die stroom voorkom. • Toename in verdamping in die areas wat besproei word.	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief. 2 punte vir 'n algemene verduideliking of as al die feite nie genoem is nie. 4 punte vir 'n volledige verduideliking wat die nodige detail het.	

		• Toename in verdamping in die gebiede wat besproei word kan lei tot onstabiliteit in atmosfeer. • Toename in reënval in gebiede wat windaf van besproeiingsgebiede is. • Veroorsaak siltasie • Veroorsaak eutrofikasie/ plaagdoder • Oorgebruik van landskap • Verkeerde boermetodes		
--	--	---	--	--

VRAAG 3 LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTING EN EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA				
3.1 Terminologie wat met nedersettings verband hou				
Kies 'n term uit Kolom A wat pas by die beskrywing in Kolom B. Skryf slegs die letter wat ooreenstem met jou antwoord neer langs die vraagnommer in jou ANTWOORDBOEK, bv. 3.1.0. H.				
3.1.1	Verval	G	Vervalle en verlate geboue.	
3.1.2	Groengordel	A	'n Gebied in stede wat verhoed dat verdere ontwikkeling en uitbreiding van die stad kan plaasvind.	
3.1.3	Voorverstedeliking	E	Wanneer mense, fabriek, kantore en winkels van die sentrale dele van die stad na die voorstede beweeg.	
3.1.4	Markdorp	B	'n Dorp wat as inkopie- en dienssentrum vir die omliggende omgewing dien.	
3.1.5	Oorbrugingspunt	F	'n Nedersetting waar 'n rivier oorgesteek kan word en wat dan ontwikkel as 'n handelsentrum.	
3.2 Kwessies rakende stedelike nedersettings				
3.2.1	Verduidelik waarom vure so 'n groot bedreiging in informele nedersettings is.	- Die bevolkingsdigtheid - Die boumateriaal van die huise - Metodes wat gebruik word vir kook en om hitte te verskaf - Die brandweerdienste is nie genoeg nie - Geen beheer oor die groei nie - Geen infrastruktuur vir veiligheid nie - Versprei maklik - Afstand na nooddienste - Geen fondse om te herstel nie - Toeganklikheidskwessies van dienste	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief.	
3.2.2	Hoe beïnvloed landelike-stedelike migrasie die groei van informele nedersettings in Suid-Afrika?	Dit sal die grootte laat toeneem	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief.	

3.2.3	Evalueer TWEE redes waarom dit 'n uitdaging is om probleme wat ervaar word in informele nedersettings op te los.	• Gebrek aan fondse • Korruptsie • Die verlede word nie aangespreek nie • Die infrastruktuur is te moeilik • Geen ekonomiese kerne in die area nie • Belasting word nie betaal nie • Ontwikkel organies (geen beplanning) • Minder funksies vir werksgeleenthede • Soos mense uittrek, trek nuwe mense in • Moeilik om die armoedesirkel te breek • Dig bevolk, enige probleme moeilik om op te los	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief. 1 punt vir 'n algemene verduideliking of as inligting ontbreek. 2 punte vir elke volledige en gedetailleerde verduideliking.	
3.3 Kwessies rakende stedelike nedersettings				
3.3.1	Verduidelik <i>indringing en opvolging</i> .	Wanneer die funksie van 'n stuk grond van een sonering verander na 'n ander sone. Wanneer een tipe grondgebruik verander word na 'n ander tipe grondgebruik, bv. residensieel na kommersieel.	Kandidate kan hulle eie benadering hê ten opsigte van die vraag en antwoorde kan verskil. Hierdie antwoord hoef nie handboek gebonde te wees nie.	
3.3.2	Waarom is die grondwaardes in die oorgangsone so hoog alhoewel die geboue so vervalte voorkom?	Die geboue is na aan die SSK en dus is die grondwaarde hoog. Die geboue sal moontlik afgebreek word omdat dit geen waarde het nie en dit raak heel vervalte.	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief.	
3.3.3	Bespreek die impak wat <i>gentrifikasie</i> op die huidige inwoners van 'n vernuwe area het.	• Die waarde van die grond sal saam met huur en grondbelasting verhoog; • dit sal die area te duur maak vir mense om in te bly. • Die area in die algemeen verbeter • Hoë lewenstandaard	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief.	
3.4 Stedelike struktuur en patrone				
3.4.1	Verduidelik die volgende terme:			
(a)	<i>nuwe dorp</i>	'n Beplande stedelike sentrum wat in 'n onderontwikkelde of landelike omgewing gebou word, heel moontlik met staatsbefondsing. Nuut gebou		

(b)	<i>alles-insluitende stedelike node</i>	'n Gebied met verskeie funksies in een plek / ruimte. Nes gemengde grondgebruik. (Bron kan gebruik word om die antwoord te kry.)	Kandidate kan hulle eie benadering tot die vraag gebruik en antwoorde sal verskil. Hierdie is nie noodwendig 'n handboek verduideliking nie.	
(c)	<i>besigheidslandgoed</i>	'n Veilige besigheids- of kantoorblok wat toegangbeheer. Groep kantore of besighede		
3.4.2	Gee TWEE liggingsfaktore wat ontwikkeling in hierdie gebied sal bevorder.	• Naby die N2 • M41 • Naby Umhlanga (ander voorstede) • Naby Gateway inkopiesentrum • Ongeveer 17 kilometer van die SSK af • 7 kilometer suid van King Shaka • Laat skakeling met hawe toe		
3.4.3	Ondersoek TWEE voordele wat hierdie ontwikkeling vir die omgewing van Umhlanga inhou.	• Meer werksgeleenthede • Vaardigheidsontwikkeling • Ontwikkeling van infrastruktuur • Ontwikkeling van skakelnywerhede • Meer funksies vir burgers beskikbaar • Vermaak geleenthede • Inkomste – buitelandse valuta lok beleggings	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief. 2 punte vir 'n algemene verduideliking of indien inligting ontbreek. 4 punte vir 'n volledige en gedetailleerde verduideliking.	
3.5 Ekonomiese terminologie				
Kies 'n term uit Kolom A wat by die beskrywing in Kolom B sal pas. Skryf slegs die letter van die korrekte beskrywing neer langs die vraagnommer in jou ANTWOORDBOEK, bv.3.4.0. h.				
3.5.1	Indirekte belasting	H	Wanneer belasting op goedere en dienste gehef word in plaas van op die inkomste of wins.	
3.5.2	Kommoditeit	C	'n Redelike homogene produk wat gewoonlik in grootmaat aangekoop kan word.	
3.5.3	Deregulering	E	Verwydering van die wettige beperkinge op die hoeveelheid kompetisie, die tipe besigheid wat gedoen word of die pryse wat gevra word in 'n spesifieke industrie.	

3.5.4	Ongebonde nywerhede	A	Oor die hele geografiese gebied versprei, sonder om in een plek gekonsentreer te wees.	
3.5.5	Grondstof gerig	G	Naby die bron van die grondstof geleë omdat bederfbare goedere geproduseer word.	
3.6 Landbou				
3.6.1	Noem EEN provinsie in Suid-Afrika waar suiker verbou word.	Enige EEN van die volgende • KZN • Oos-Kaap • Mpumalanga		
3.6.2	Gebruik suiker as 'n voorbeeld en verduidelik hoe die <i>waardeketting</i> in nywerhede werk.	Suiker word verbou – dan word dit verwerk – dan verpak – dan verkoop Volle ketting van besigheidsaktiwiteite wat verandering van rou suikerriet na 'n klaarprodukt ondersteun	Kandidate moet bewys dat hulle die konsep van die waardeketting en hoe dit met die produk skakel verstaan.	
3.6.3	Noem TWEE skakelnywerhede wat met die produksie van suiker geassosieer word.	• Enige implemente wat in landbou gebruik word • Besproeiingsprodukte • Kunsmisstowwe • Vervaardiging van insekdoders • Vervoer van produkte • Verpakking • Prosessering • Voedselprosessering en drankies • Gebak • Mediese dienste • Biobrandstowwe	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief. Moet nie beloon vir slegs die gee van nywerhede nie. Daar moet 'n duidelike skakel met suiker wees.	
3.6.4	Gee EEN moontlike omgewings- en EEN politiese faktor wat verduidelik waarom die uitvoere van geraffineerde suiker so laag was in 2015/16 en 2016/17.	Omgewingsfaktor • Droogte • Brande • El Nino • Klimaatsverandering Polities • Ekonomiese insinking • Wisselkoers • Grondhervorming • Suikerbelasting • Lae produktiwiteit	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief.	

3.6.5	Verduidelik EEN ekonomiese faktor wat die pogings sal beïnvloed om landboukundige produksie, soos suiker, te verhoog.	• Belasting • Wisselkoers se veranderinge • Arbeidsverhoudinge • Uitvoerbelasting • Wêreld se ekonomie • Staatsbeleid (bv. grondbesit, bemarking, diere se welvaart, arbeidsverhoudinge) • Internasionale handelsooreenkomste • Openbare mening en bekommernisse	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief. 1 punt vir 'n algemene verduideliking of indien inligting ontbreek. 2 punte vir 'n volledige en gedetailleerde verduideliking.	
3.7 Strategieë vir nywerheidsontwikkeling				
3.7.1	Lys TWEE faktore wat die ekonomiese ontwikkeling in KZN begunstig en TWEE faktore wat die ekonomiese ontwikkeling in KZN belemmer.	Begunstig: • Baie water – raffinering van suiker en vervaardiging van papier • Goeie vervoernetwerk wat verbind is met die binneland • Groot plaaslike mark – grootste bevolking / 50% van die bevolking is binne 'n 100km omtrek vanaf Durban • Naby aan Gauteng en oorsese markte, veral China, Asië en O Afrika • Groot arbeidsmag/arbeid • 'n Hawe • Hulpbronne soos suiker, melk, vrugte, pluimvee • Warm klimaat – Pinetown 15 km / 300 m / gelyke oppervlakte • Die leefstyl is dié van die welgesteldes – strande, berge, wildreservate, golfbane • Poort tot handel – vir ingevoerde uitvoere van kommoditeite Belemmer: • Hoë humiditeit • Prys van grond • Landskap is heuwelagtig • Arbeidsmag het nie vaardighede nie • Beurtkrag • Onteining van grond	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief. Kandidaat mag wel 'n lys gee; antwoorde wat slegs uit een woord bestaan kan vaag wees, moet verwys na die vraag.	

		• Krag word voorsien vanaf Vryheid en Mpumalanga • Arbeidsonrus • Gesondheidskwessies of arbeid		
3.7.2	Verduidelik EEN voordeel wat op die <i>agglomerasie van nywerhede</i> mag volg.	• Produktiwiteit wat oorspoel • Funksionele magnetisme • Vestiging van informele besighede en die ekonomie • Arbeidsmag mag groter toegang tot werk hê • Makliker om die infrastruktuur daar te stel • Laer vervoerkostes • Gedeelde fasiliteite en dienste	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief. 1 punt vir 'n algemene verduideliking of indien inligting ontbreek. 2 punte vir 'n volledige en gedetailleerde verduideliking.	
3.7.3	Analiseer TWEE maniere waarop die infrastruktuur van vervoer die ligging van ekonomiese aktiwiteit in KZN beïnvloed.	• Naby die hawe vir uitvoerdooieindes • Naby die lughawe • Toegang tot treine • Toeganklikheid per pad • Hoe vinnig die produkte by die mark gekry kan word • Nywerhede verkies nog steeds om te vestig op plekke (asse) waar groei voorkom, bv. vername riviere, paaie en langs die kus • Industriële ontwikkeling langs vervoergange	Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatief. 1 punt per konsep vir 'n algemene analise of indien inligting ontbreek. 2 punte per konsep vir 'n volledige en gedetailleerde analise. Kan een tipe vervoer met 2 impakte wees Of Twee verskillende tipes vervoer	

Totaal: 200 punte